# Geskiedenis

## KLASTEKS & STUDIEGIDS

Geoff Olivier

GRAAD

# 10

KABV

**3-in-1**



THE ANSWER SERIES
*Your Key to Exam Success*

# Graad 10 Geskiedenis 3-in-1 CAPS

## KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 10 Geskiedenis 3-in-1 studiegids bied ’n omvattende beskouing van al 6 onderwerpe in die KABV-kurrikulum. Dit maak die vakinhoud makliker verteerbaar met nuttige foto’s, uittreksels, verduidelikings van sleutelterme en tydlyne.

**Sleutelkenmerke:**

- Omvattende notas, sleutelterme en tydlyne
- Brongebaseerde vrae en antwoorde
- Opstelvrae met modelopstelle
- Voorbeeld-eksamenvraestelle met antwoorde

THE ANSWER SERIES *Your Key to Exam Success*

GRAAD

# 10

KABV

3-in-1

# Geskiedenis

**Geoff Olivier**

**HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN**

1. Breedvoerige Notas met baie foto's
2. Vrae en Antwoorde per Onderwerp
3. Eksamenvraestelle en -memo's

**E-boek beskikbaar**

THE ANSWER SERIES *Your Key to Exam Success*

2013 publikasie | | ISBN: 978-1-920297-98-5

29032021 | TAS

# INHOUD


**EKSAMEN- EN TAAKRIGLYNE** .................... i

**ONDERWERP 1: DIE WÊRELD OMSTREEKS 1600** .................... **1**

- **Die Ming-dinastie in China** .................... 3
- **Die Songhai-ryk in Noordwes-Afrika** .................... 9
- **Die Mongol-ryk in Indië** .................... 11
- **Europese gemeenskappe** .................... 17
  - Vrae en antwoorde .................... 29

**ONDERWERP 2: EUROPESE UITBREIDING EN VEROWERING TYDENS DIE 15de TOT 18de EEU** .................... **38**

- **Inleiding** .................... 39
- **Die redes waarom Europese uitbreiding moontlik was** .................... 41
- **Spaanse verowerings in die Amerikas** .................... 44
- **Portugese en Hollandse verowerings in Afrika** .................... 48
  - Vrae en antwoorde .................... 53

**ONDERWERP 3: DIE FRANSE REWOLUSIE** .................... **58**

- **Inleiding** .................... 60
- **Wat is 'n rewolusie?** .................... 61
- **Toestande in Frankryk wat 'n rewolusie moontlik gemaak het** .................... 61
- **Die oorsake en verloop van die Franse Rewolusie** .................... 67
- **Die impak van die Franse Rewolusie wêreldwyd** .................... 73
- **Die redes vir internasionale weerstand teen die rewolusionêres in Frankryk** .................... 73
- **Napoleon: Die reaksie teen demokrasie en die modernisering van Frankryk** .................... 73
- **Die verspreiding van rewolusionêre aspirasies in Sint Domingue (hedendaagse Haïti)** .................... 74
- **Die nalatenskap van die Franse Rewolusie** .................... 78
  - Vrae en antwoorde .................... 78

**ONDERWERP 4: TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA NA 1750** .................... **83**

- **Inleiding** .................... 83
- **Suider-Afrika voor 1750** .................... 85
- **Hoe het Suid-Afrika in 1750 daar uitgesien?** .................... 85
- **Politieke veranderinge tussen 1750 en 1820** .................... 87
- **Politieke rewolusie tussen 1820 en 1835** .................... 89
- **Voorstellings van Shaka** .................... 94
  - Vrae en antwoorde .................... 96

**ONDERWERP 5: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750** .................... **99**

- **Inleiding** .................... 99
- **Brittanje neem beheer van die Kaap oor** .................... 101
- **Boere se reaksie op Britse beheer** .................... 105
- **Xhosa-reaksies op Britse uitbreiding** .................... 108
- **Brittanje vestig die Natalse kolonie** .................... 109
- **Samewerking en konflik op die Hoëveld** .................... 110
- **Die Anglo-Zoeloe-oorlog** .................... 113
  - Vrae en antwoorde .................... 114

**ONDERWERP 6: DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN UNIE** .................... **119**

- **Inleiding** .................... 119
- **Mynkapitalisme** .................... 121
- **Die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899–1902)** .................... 126
- **Die Unie van Suid-Afrika in 1910** .................... 135
- **Die Naturelle Grondwet van 1913** .................... 136
  - Vrae en antwoorde .................... 136

**EKSAMENVRAESTELLE (Junie en November)** .................... 141

**EKSAMENMEMO'S (Junie en November)** .................... 150

**NASIENRUBRIEK VIR OPSTELVRAE** .................... 154

# POLITIEKE REWOLUSIE TUSSEN 1820 EN 1835

## IN DIE OOSTE

### Die verbrokkeling van die Ndwandwe-koninkryk

- Na die neerlaag van Zwide en sy Ndwandwe in 1819 het die **res van die Ndwandwe** onder Nxaba, Shoshangane en Zwangendaba **in groepe verdeel**.
- Teen 1821 het hierdie groepe met verskillende roetes langs na die **suidelike deel van die hedendaagse Mosambiek** versprei.
- Hierdie groepe het met Portugese setlaars, inheemse Tsonga en 'n Britse ekspedisie, gelei deur kaptein William Owen, **gebots**. Hulle het ook botsings onder mekaar gehad.
- Uiteindelik het die **Shoshangane-groep** in die laaglande tussen die hedendaagse Maputo en die Zambezirivier **dominant geword**.
- Die ander twee verslane groepe het na **hedendaagse Malawi** verskuif en in die gebiede rondom die Victoria- en Malawi-mere gaan woon.
- 'n Vierde Ndwandwe-groep, die Maseko, het oor die Vaal- en Limpopo-riviere na **hedendaagse Zimbabwe** gevlug.
- Zwide het na die Opper-Nkhomatirivier gevlug, en die **suidelike oorblyfsels van die Ndwandwe is uiteindelik** in 1826 deur Zoeloe-*impi* naby hedendaagse Utrecht **verslaan**.

### Die opkoms van die Zoeloe-staat

- Shaka het die moedelose stamme van die Natalse Nguni-streek tot 'n **enkele Zoeloe-nasie** versmelt.
- **Alle mag het om hom**, die koning en opperbevelvoerder, **gedraai**.
- Shaka het die **verpersoonliking van die Zoeloe-nasie** geword en is deur 'n begeesterde en patriotiese leër ondersteun.
- Vroulike familielede is dwarsoor die koninkryk geplaas om as **spioene** op te tree en enige dislojale persoon is tereggestel.
- Shaka het 'n magtige ambisie gehad om sy koninkryk uit te brei en **alle naburige stamme te onderwerp**. Hulle het in willose vrees vir hom geleef.
- Shaka het, na hulle aankoms in 1824, anders teenoor die **blankes** opgetree. Hy was nuuskierig oor hul leefstyl, tegnologie en beide mediese en militêre kennis.
- Shaka het Luitenant Francis Farewell toegelaat om in 1824 **Port Natal** (hedendaagse Durban) te vestig.
- **Zoeloegeskiedenis** is vanaf hierdie tyd aangeteken deur: Henry Francis Fynn (lid van Farewell se groep); Nathaniel Isaacs (lid van die groep wat na Farewell en sy mense gaan soek het); kaptein Allen Gardiner ('n afgetrede vlootoffisier wat 'n sendeling geword en hom in Natal gevestig het); en eerwaarde Francis Owen (ook 'n sendeling en bemiddelaar tussen Shaka en die blankes).
- **Fynn se dagboeke,** wat beide mondelinge bronne en persoonlike ondervindings aangeteken het is dalk nie heeltemal oorspronklik nie aangesien daar geglo word dat dit dalk deur James Stuart hersaamgestel is.
- Dié van Isaacs en Gardiner mag dalk **bevooroordeeld** teen Shaka wees, terwyl Owen se dagboek dalk bevooroordeeld vir Shaka is.
- Shaka was die leier van meer as **250 000** mense in die hedendaagse KwaZulu-Natal en het 'n gebied regeer wat vanaf Port Natal tot die hedendaagse Mosambiek en vanaf die kus amper tot by die Drakensberg strek.
- Alhoewel Shaka vir die **Mfecane** verantwoordelik gehou word, en hy het veroorsaak dat dit toeneem, het die beweging van die stamme en mense deur Suider-Afrika as gevolg van oorloë en strooptogte begin nog voordat hy aan bewind gekom het.
- Teen 1828 het Shaka se tirannie hom **ongewild** gemaak. Met die dood van sy moeder in 1827 het hy duisende van sy onderdane tereggestel wat volgens hom nie genoeg oor haar dood gerou het nie. Dit het tot wydverspreide ontevredenheid onder sy volgelinge gelei.
- Gedurende September 1829 is Shaka deur Dingaan en Mhlangane, twee van sy halfbroers, asook sy persoonlike sekretaris, Mkabayi, by sy kraal **vermoor**.


### Die konsolidasie van die Zoeloe-koninkryk

- Die Zoeloes was **moeg vir die aanhoudende oorloë** wat onder koning Shaka plaasgevind het.
- Daar was 'n **moontlikheid dat die koninkryk** na sy dood kon **verbrokkel**.
- **Dingaan**, wat ná Shaka koning geword het, het hard gewerk om die koninkryk verenig te hou.
- Daar was nietemin baie **interne onenigheid**.
- Dingaan **het sy teenstanders vermoor** en elke ondersteuner van Shaka uitgewis.
- Hy het militêre sleutelposte aan sy **troue ondersteuners** gegee.
- Hy het 'n **nuwe hoofstad**, Mgungundlovu, langs 'n sytak van die Wit Mfolozirivier gestig.
- Shaka se militêre organisasie is aanvanklik behou, maar is gou verminder aangesien Dingaan **self geen militêre kundige** was nie.
- Dingaan het **gereelde ekspedisies** teen die Ndebele, Mpondo, Bhaca en Swazi uitgestuur. Hulle was meestal onsuksesvol.




*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

- Dingaan se magte het **Port Natal aangeval** omdat baie Zoeloe-vlugtelinge daarheen gevlug het om van die suiwerings te ontsnap.
- Uiteindelik het **Dingaan en kaptein Allen Gardiner ooreengekom** dat die Zoeloes wat reeds in Port Natal was, daar kon bly, maar dat nuwe vlugtelinge na Dingaan teruggestuur sou word.
- Dingaan het toestemming aan die **sendelinge** verleen om in sy gebied te werk.




Bron: http://samilitaryhistory.org/vol053fl.html

**Die Britse kamp by Port Natal in 1842**

## IN DIE NOORDELIKE BINNELAND

### Die opkoms van die Ndebele onder Mzilikazi


- **Mzilikazi** was die kleinseun van Zwide, leier van die Ndwandwe, en 'n lid van die Khumalo-stam.
- Gedurende die Zoeloe–Ndwandwe-konflik het Mzilikazi **sy trou van Zwide na Shaka** verskuif vir wie hy 'n militêre bevelvoerder was.
- Dit wil voorkom asof Mzilikazi na 'n suksesvolle militêre ekspedisie vir **Shaka kwaadgemaak het** deur te weier om die voorgeskrewe aantal beeste as huldeblyk te oorhandig.
- Daarom het Mzilikazi in 1821 die Ndebele van die Zoeloe-koninkryk weggelei. Hulle het **oor die Drakensberge** tot wes van die Usuturivier **migreer**.
- Dit blyk dat Mzilikazi **'n wrede generaal** was wat al die mense in sy vlugpad onderwerp en by sy stam ingelyf het.
- Sy vermoë om te volhard word aangedui deur die wyse waarop hy **'n nuwe nasie** in heeltemal vreemde gebiede **gebou het**.
- Die Ndebele het die **Pedi** tussen die Olifants/Lepelle- en die Steelpoort/ Tubatse riviere aangeval en hierdie stam het verkrummel.
- Die Ndebele het toe na die gebied langs die oewers van die **Vaalrivier** naby hedendaagse Potchefstroom en Heidelberg getrek.
- Hier het hulle die **Taung en Fokeng** (Kololo) aangeval en groot troppe beeste bekom.
- Die Ndebele het tussen 1823 en 1827 hier gebly al is hulle **dikwels** deur die Taung en 'Bergenaars' van die Kora-leier, Jan Bloem, aangeval.
- Mzilikazi en sy Ndebele het daarna van hierdie stropers wegbeweeg en noord van die Magaliesberg na 'n plek tussen die Elands/Kgetlengrivier en die Pienaars/Moretelerivier getrek. Mzilikazi het die onbetwiste heerser van die gebied **noord van die Vaalrivier** geword.
- Die Bergenaars en die Taung het die Ndebele voortdurend aangeval en **baie beeste gesteel,** maar is weer deur hulle in 'n teenveldtog verslaan.
- In 1831 het Mzilikazi 'n **veldtog teen die Soetoe** geloods. Sy magte het Thaba Bosigo, vesting van koning Moshoeshoe, sonder sukses aangeval.



Bron: William Cornwallis Harris . J.S, Bergh. 1984. Stamme en Ryke. Cape Town: Don Nelson

**'n 1836 waterverfskildery van Mzilikazi**

- Teen die einde van 1831 het Mzilikazi **die Phuthing** van Ratsebe **aangeval**.
- Ná 'n inval deur die Tswana, Griekwas en Kora het Mzilikazi tot **naby Kuruman** in die Mosega-vallei **getrek**.
- Die Ndebele was ook by 'n groot, maar onbeslissende slag teen die **Zoeloemagte** van Dingaan by die Sandrivier betrokke. Beide partye het reuse verliese gely.
- In 1832 het Mzilikazi die **Hurutshe** onder Mokgathla in die Mariko-vallei aangeval. Mokgathla het gevlug en die oorblywende Hurutshe is by die Ndebele opgeneem.
- Mzilikazi en die sendeling **Robert Moffat** het 'n goeie verhouding gehad.
- Mzilikazi het ook 'n **verdrag van samewerking met die Kaapse goewerneur**, sir Benjamin D'Urban, in 1835 onderteken.




**'n Skets wat die verspreiding van die verskillende kulturele groepe omstreeks 1830 aandui.**

*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

# IN DIE SUIDELIKE BINNELAND

## Die Voortrekkers

- Die **Boere of Afrikaners** was nasate van die eerste Hollandse setlaars in die Kaap. Die Franse Hugenote is ook in hierdie groep opgeneem.
- Hulle was 'n onafhanklik-denkende, selfversorgende en baie **gedugte groep mense** wat grotendeels geboer het, vandaar die naam 'Boer'. Die meeste Boere kon van hul boerdery oorleef, was goeie perderuiters, uitstekende skutte en gewoond daaraan om deur die veld ver van die beskawing te trek.
- Hulle moes met die inheemse Afrika-volke om weiland meeding omdat almal **veeboere** was.
- Die Boere was **diep gelowig** (volgelinge van 'n soort Christelike geloof genaamd 'Calvinisme') en hulle was volkome oortuig daarvan dat God aan hulle die reg gegee het om die gebied te bevolk en te oorheers.
- Teen die middel-1830's was die Boere heeltemal ontnugter met die nuwe Britse bewind in die Kaap. Hulle het besluit dat die enigste oplossing sou wees om noord te trek en onafhanklike Boererepublieke te stig. Die Boere wat op daardie stadium noord getrek het is die **Voortrekkers** genoem.


Bron: NJR ZA

**'n Voorstelling van Voortrekkers by die 1949-Voortrekker-monument in Pretoria**

- Die **Groot Trek** wat gevolg het was nie 'n verenigde beweging nie aangesien die leiers van elke groep in verskillende rigtings wou trek en aanvanklike bondgenootskappe dikwels verbreek is.
- Die Voortrekkers het na grond beweeg wat gewoonlik reeds deur iemand opgeëis was, maar dikwels was die grond **tydelik** deur die Mfecane **ontvolk**.
- Die Voortrekkers het uiteindelik in **konflik met die inheemse mense** gekom. (Sien Ondw. 5.)


Bron: NJR ZA

**'n Voortrekker ossewa**

## Die Kora

- Die Kora (Koranna) was die **nasate van die oorspronklike Koi** wat die hele Kaap en verder bewoon het.
- Hulle was **bendes perderuiters** wat voortdurend deur die blanke setlaars noordwaarts gedruk is.
- Hulle het 'n **Europese klere-, perde- en wapenstyl** aangeneem en 'n semi-nomadiese leefstyl aan die Noord-Kaapse grens geleef en oorleef deur te jag en te stroop.


Bron: William John Burchell

**'n Skildery van 'n Kora uit die 19de eeu**

- Die Kora het die plaaslike stamlede **ingeval** en doodgemaak en groot getalle beeste gesteel.
- Hulle het in die vroeë 1800's oor die Oranje/Gariep/Senqurivier **na Soetoe-gebied** getrek. Vanaf 1825 het koning Moshoeshoe van die Soetoes die eerste verslae van Kora-strooptogte ontvang.
- Die Soetoe het dit moeilik gevind om die Kora te hanteer aangesien hulle **wetteloos en baie rusteloos** was. Moshoeshoe het afgesante gestuur, waarvan baie eenvoudig deur die Kora bendelede vermoor is.
- Moshoeshoe het sy *impi* opdrag gegee om geweld te gebruik indien hulle konfronteer word. Dit het tot 'n **slagting van die Kora** gelei nadat hulle deur die Soetoes omring en byna elke man gedurende 'n nagtelike aanval uitgewis is.
- Die Kora met hul gewere het egter steeds vir die volgende dekade 'n doring in die vlees van koning Moshoeshoe gebly totdat die toenemende getal blanke setlaars hulle weereens **noordwaarts** tot buite die Soetoe-grense **gedruk** het.

## Die Griekwas

- Die **Griekwas** was 'n volk van gemengde ras uit die Koi en Europese volke. Hulle naam kom van die Koigroep genaamd 'Chariguriqua'.
- Die Griekwas het die **Afrikaanse taal** aangeneem.
- Die Griekwas was **perderuiters,** gewapen met gewere, en hulle het met skape en beeste geboer.
- Na hulle **migrasie** uit die hedendaagse Wes-Kaap het hulle in die hedendaagse Noord-Kaap en in die suidelike en westelike dele van die Oranje Vrystaat gaan woon.





*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

- Die Griekwahoofstad was **Philipolis**, maar die Griekwas het ver daarvandaan gegaan om strooptogte uit te voer, soms saam met Kora-bendes.
- **Mzilikazi se geweldige beeskuddes** het gou die aandag van die Griekwas getrek toe hy hom naby die Magaliesberge gevestig het.
- In 1828 het die Griekwas, onder leierskap van Jan Bloem, 'n bondgenootskap met die Taung gesmee en Mzilikazi gedurende 'n verrassingstrooptog aangeval. Die **Griekwas en die Taung** het die kuddes wat hulle bekom het, verdeel.



Bron: Cape Colony Archives

**'n Vroeë skildery van 'n Griekwa**

- Die meeste beeste is egter tydens **teenaanvalle deur die Ndebele** teruggekry, en hulle het ook byna die helfte van die Griekwastropers en die Taung vermoor.
- In 1831 het die nuwe Griekwaleier, Barend Barends, sy magte verenig en saam met die Taung **nog 'n aanval teen die Ndebele geloods**.
- Hulle is egter weereens tydens 'n teenaanval onverhoeds betrap en hierdie keer is **die meeste van die Griekwas doodgemaak** en hulle gewere deur die Ndebele verbrand.
- Toe die Griekwas in 1834 nog beeste van Mzilikazi se Ndebele steel, is hulle **weereens** daarvoor nagejaag.

## Die Soetoe


Bron: Marduk

**Thaba Bosiu**

- Gedurende hulle suidwaartse tog het sommige van die Ystertydperkse stamme hulle in en rondom die hedendaagse Vrystaat gevestig. Hulle het Soetoe gepraat en het uit verskeie klein **hoofmanskappe** bestaan.
- **Moshoeshoe** was die seun van 'n kaptein wat in 1820sy eie stam by Butha-Buthe begin het.
- Die **Mfecane** het beteken dat sy gebied binnegedring en deur vlugtelinge oorval is.
- Dit het Moshoeshoe gedwing om sy stam na **Thaba Bosigo,** wat 'n meer verdedigbare vesting was, te verskuif.
- Moshoeshoe se volgelinge het gegroei aangesien hy **beskerming** aan baie van die kleiner stamme asook vlugtelinge **gegee** het. Die Soetoe-sprekende Tswana-stamme asook baie ander Soetoe-stamme het by hulle aangesluit.
- **Molisane van die Taung** het bv. ná 'n vernietigende teenaanval deur die Ndebele skuiling by Moshoeshoe gevind.
- Uiteindelik het Moshoeshoe 'n **Basoetoe- koninkryk** opgebou.
- Koning Moshoeshoe was as 'n **diplomatiese leier** bekend wat op goeie voet met moontlike vyande probeer bly het. Hy het selfs beeste as kos vir verslane *impi* op pad terug huis toe gestuur.
- Hy wou die blankes wat noordwaarts na sy gebied op pad was, verstaan en het daarom drie sendelinge aangemoedig om vanaf die Griekwahoofstad na die Basoetoe-koninkryk te verskuif. **Eerwaarde Eugene Casalis** het een van sy adviseurs geword.


Bron: Eugene Casalis

**Koning Moshoeshoe**

## IN DIE NOORD-OOSTELIKE DELE VAN SUIDER-AFRIKA

## Die Gaza

- **Shoshangane** was een van die Ndwandwe-bevelvoerders wat gedurende die oorloë van Shaka na hedendaagse Mosambiek noordwaarts gedruk is.
- Hy het **dieselfde militêre administrasiestelsel as Shaka** gebruik.
- Hy was bekend as 'n **wrede en barbaarse leier**.
- Shoshangane se mense het as die **Gaza** bekend geword, vernoem na een van sy voorsate. Later het hulle as die Tshangana of Shangaan bekend gestaan.
- Shoshangane het die **Tsonga onderwerp**.
- Die Gaza-ryk was aanvanklik in die gebied tussen die laer Zambezirivier en Delagoabaai geleë, maar het tydelik na die boloop van die Sabirivier, tussen die Limpopo- en Zambezi riviere, verskuif ten einde **die Zoeloes** te vermy.
- Shoshangane het nie goeie bande met die blankes in die gebied gehandhaaf nie en hulle dikwels aangeval. Die nedersettings in **Tete, Sofala en Sena** is almal gedurende die 1830's aangeval en in 1833 het die Gaza 'n groep Portugese uitgewis.

*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

## Die Swazi (Die Ngwane)


- **Sobhuza** van die koninklike Nkosi Dlamini-stam het in 1815 die koning van die Ngwane geword.
- Hulle het in hierdie tyd **tussen die Phongolo- en Usuthu-riviere gewoon**.
- Die Ndwandwe het toe die Ngwane oor die Phongolorivier gedwing waar 'n nuwe hoofstad, **Elangeni**, naby Manzini gestig is.
- Sobhuza het met **Zwide se dogter getrou** om vrede met die Ndwandwe te bewaar.
- Baie kleiner Soetoe-stamme is by **die Ngwane-koninkryk ingelyf**. Hulle het hulle identiteit behou, maar Sobhuza teen die bedreiging van Zoeloe-aanvalle ondersteun.
- Net soos Shaka het Sobhuza sy leërregimente volgens ouderdom ingedeel, maar hulle is **net in tye van oorlog opgeroep**.
- Sobhuza het beeste, en soms jong vroue, as **huldeblyke na Shaka** gestuur.
- In 1828 het die **Zoeloes** die Ngwane **aangeval**. Sobhuza het die Swazi volk in grotte laat wegkruip ten einde konfrontasie te vermy.

## Die Pedi

- **Kaptein Thulare** was teen 1800 die leier van die Pedi-volk.
- Hulle hoofstad, **Manganeng**, was in die noordweste langs die Steelpoort / Tubatsirivier.
- Onder Thulare het die Pedi **goed geleef** tot hy in 1820 oorlede is.
- Sy bewind is gevolg deur twee jaar se opvolgingsgeskille totdat die aankoms van die **Ndebele** die Pedi-volk verstrooi het.
- Thulare se seun, Sekwati, het met 'n klein groepie van sy mense oor die Zoutpansberge gevlug. In 1828, nadat die Ndebele aanbeweeg het, het hulle naby die Lepelle/Olifantsrivier gevestig geraak.
- Sekwati het die taak onderneem om **sy mense te herenig** en hulle van Swazi-en Zoeloeaanvalle te beskerm. Hy moes ook hongersnood en die wydverspreide kannibalisme wat gevolg het, die hoof bied.
- Die Pedi het 'n bergvesting in **Phiring** geskep.

## Die Mpondo

- Die **Mpondo**-stam was deel van die suidelike Nguni.
- Volgens geskiedkundiges wil dit voorkom of die Mpondo een van die **vroegste groepe was**, beslis voor die Mfecane, **wat in die suidelike 'Natal'**-gebied gevestig was.
- Hulle het 'n **verskeidenheid gewasse** verbou: mielies (wat nie inheems was nie), sorghum, bone, pampoen, suiker, tabak en dagga. Hulle het ook skape, beeste en bokke, asook Afrika-honde gehad.



Bron: "Stamme & Ryke", by J.S. Bergh, together with A.P. Bergh. Don Nelson: Cape Town. 1984

**Andrew Geddes Bain het die opmerklike 19$^{de}$ eeuse haarstyle van die Mpondo aangeteken.**

- Die onrus van die **Mfecane** het 'n uitwerking op die Mpondo gehad aangesien vlugtende stamme en plunderende Zoeloemagte hulle onafhanklikheid bedreig het.
- Vanaf 1820 het **hoofman Faku** die Mpondo in die gebied suidoos van die Mzimvuburivier regeer.
- Die beweging van verskeie stamme na die gebied suid van die Zoeloe-koninkryk het uiteindelik die Mpondo beïnvloed. Die Mpondo het die vlugtende **Thembu stam** verslaan, waarna sommige by die Mpondo aangesluit het.
- **Zoeloe-strooptogte** het tot baie beesverliese gelei, maar die Mpondo is nooit onderwerp nie.
- Met die dood van Shaka se moeder, Nandi, is besluit dat die Mpondo nie genoeg respek vir haar dood getoon het nie. Shaka het sy magte suid gestuur en nedersettings geplunder en vernietig. Die Mpondo het hulle kuddes agtergelaat en vir beskerming **na bergvestings teruggetrek**.
- Vanaf 1829 is die Mpondo **deur die Qwabe bedreig**. Die Qwabe het o.l.v. Nqetho (wat 'n bevelvoerder in die Zoeloe-mag van Dingaan was, maar teen hom rebelleer het) gevlug.
- Die Mpondo het in 1829 'n **groot oorwinning oor die Qwabe** naby Port St. Johns behaal. Nqethu is doodgemaak en die vlugtende Qwabe is weer deur die Bhaca-volk verder noord aangeval.





*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

## Die suidelike Tswanas

- Teen 1820 was daar **amper voortdurend oorlog** tussen die Tswana-koninkryke.
- Hierdie eenheidsgebrek het hulle **kwesbaar vir aanvalle** gedurende die Mfecane gemaak.
- In 1823 moes die Tlhaping die hulp van die Griekwas inroep om teen die Mantatees tydens die Slag van Dithakong te veg.
- Die **Ndebele** het die Tswana-stamme 'n paar keer **aangeval**. Tussen 1827 en 1830 het Mzilikazi verwoestende strooptogte vanuit die Magaliesberggebied in die ooste aangevoer.
- Die **Boere** het ook die Tswana onder geweldige druk geplaas.
- Die Tswana het egter 'n goeie verhouding met **Christensendelinge** opgebou.
- In 1833 het hoofman Moroka se Rolonggroep die **onderdane van Moshoeshoe** geword.
- In 1837 het Moroko **'n verbond met die inkomende Boere aangegaan** om homself teen die Taung onder Moletsane en die Soetoe onder Sekonyela te beskerm.


# VOORSTELLINGS VAN SHAKA

- Ons het almal 'n **beeld van Shaka**, maar dit is dalk nie 'n akkurate voorstelling van wie hy was nie. Ian J. Knight skryf in sy boek *Warrior Chiefs of Southern Africa*, '[koning Shaka bly 'n geweldig kragtige politieke figuur, 'n oerkryger, 'n simbool van swart mag en onafhanklikheid, en sy lewe was al die onderwerp van biografieë, gedigte, boeke, toneelstukke en rolprente. Hy het so ineengestrengel met mitologie en legende geraak dat dit moeilik is om die lae volkskunde weg te skil ten einde die waarheid oor hierdie besonderse man te ontbloot]' (1994)
- Historici het 'n magdom materiaal oor koning Shaka ingesamel en geskryf. Soms is hierdie inligting egter om politieke redes bevooroordeeld en dit is **nooit van interpretasie vrygeskeld nie**.

## HOE IS SHAKA UITGEBEELD?

- Die vroegste geskrewe inligting oor Shaka is die **dagboek van Henry Francis Fynn**. Hy was 'n Britse dokter en handelaar wat in 1824 'n deel van Farewell se ekspedisie na hedendaagse Natal gevorm het. James Stuart het later Fynn se herinneringe en notas aangeteken. Dit het 'n deel van die James Stuart-argief geword (1878).
- Fynn het 'n duidelike beskrywing van Shaka nagelaat waarin hy sê, 'Rondom sy voorkop was 'n gestopte kopband van ottervel gemaak met 'n regop kraanvoëlveer 'n volle twee voet hoog en 'n krans met helderrooi vere aan die voorkant … Hy het 'n wit skild met 'n enkele swart kol asook een assegaai gehad.'
- **Nathaniel Isaacs** was 'n lid van die groep wat na Farewell se groep gaan soek en toe by hulle aangesluit het. Hy het later 'n boek, *Travels and Adventures in Eastern Africa* (1836), geskryf waarin hy Shaka as volg beskryf: ''n barbaar in die werklike sin van die woord, 'n monster, 'n samestelling van euwel en wildheid sonder 'n enkele deug om sy naam van die skande te verlos waarmee die geskiedenis dit sal vasvang'
- Klaarblyklik het Isaacs vir Fynn gesê om Shaka as 'n bloeddorstige barbaar voor te hou, maar Fynn het dit nie gedoen nie en sy beskrywings word as **meer betroubaar** as dié van Isaacs beskou.
- Fynn het egter **groot wreedheid en 'n mate van kranksinnigheid** met sy beskrywing van Shaka aangeteken. Byvoorbeeld, na die dood van Shaka se moeder het Shaka bevel gegee dat geen gewasse vir 'n jaar aangeplant mag word en dat geen melk gebruik mag word nie. Enige vrou wat swanger geraak het is saam met haar man doodgemaak. Volgens Fynn is minstens 7 000 mense gedurende hierdie gedwonge routydperk doodgemaak.
- 'n Tiener in Farewell se groep, **Charles Rawson Maclean** (ook John Ross genoem) het baie tyd in die kraal van Shaka deurgebring en IsiZoeloe geleer. Toe hy ouer was het hy oor Shaka geskryf en dit weerspreek die bevindinge van Isaacs (Wikipedia, 2011)
- **Farewell** self het Shaka as 'n intelligente en bedagsame man beskou, maar ook opgemerk dat Shaka soms paranoïese neigings gehad het, soos dat hy nie 'n erfgenaam wou hê wat sy mag kon bedreig nie en sy voortdurende gebruik van die 'uitsnuffel'-seremonie om samesweerders te vind (Bryant, *Olden Times in Zululand and Natal*.)
- **Kaptein Allen Gardiner**, 'n Britse sendeling, het gesê dat hulle aan die genade van Shaka se despotisme oorgelewer was en baie versigtig moes wees ten einde sy guns te behou.
- Daar is ook **mondelinge geskiedenis** wat beskryf hoe Shaka was en dit is later neergeskryf.
- Volgens die **Zoeloe-volk** was Shaka 'sterk gebou en het hy 'n slegte humeur gehad. Sy krag was merkwaardig, want hy kon tydens die ondersoek van 'n bees die dier se been met een arm oplig om onder die liggaam te kyk. Ngomane kaMqoboli was die enigste Zoeloe wat dit ooit gewaag het om hom terug te antwoord. Selfs sy eie familie was bang vir hom' (Knight, 1986)
- **Baleka van die Qwabe-volk** het gesê dat haar vader Shaka beskryf het as 'n man met 'n groot neus wat gepraat het 'asof sy tong te groot vir sy mond was' (Wikipedia, 2011)
- Shaka het respek geëis en Knight teken 'n mondelinge geskiedenis aan waarvolgens Shaka klaarblyklik **iemand doodgemaak het omdat hy** oor 'n liedjie wat Shaka geskryf het, **gelag het**.

- Daar is baie stories oor buitensporige moorde na strooptogte en veldslae asook die massamoord van vroue en kinders. Daar is soveel verskeie mondelinge berigte van Zoeloes en vlugtelinge van ander stamme hieroor dat dit waarskynlik 'n mate van waarheid bevat. **Mbokodo kaSikulekile** word aangehaal dat hy sê dat Shaka sy *impi* beveel het om 'elke lewende siel …vroue en kinders … dood te maak' toe hulle die Ndwandwe onder Sikhunyana aangeval het.
- Daar is ook **argeologiese bewyse** van sulke slagtings by die uitgrawingsterrein van die Lepalong-dorpie waar die oorblyfsels van die Kwenavolk gevind is.
- Daar is ook verskeie boeke wat **sekondêre bronne is wat** Shaka beskryf.
- In *Tribes and Kingdoms* (1984) deur J.S. Bergh en A.P. Bergh word die lewensverhaal van Shaka ingelei met Shaka wat 'n **'ongelukkige kinderlewe'** hehad het selfs tussen sy moeder se mense (die Langeni-stam) wat onderdane van die Mthethwa onder Dingiswayo was.
- Historici het ook op Shaka as **uitmuntende militêre bevelvoerder** gefokus. Die groot slag by Gqokli-heuwel en toe weer langs die Mhlatuzerivier teen die Ndwandwe het die doeltreffendheid van sy gevegsmetodes en taktiek bewys.
- Historici konsentreer dikwels op sy **vernuwings**. Shaka word deur Maylan se *A History of African People of South Africa* (1989) en E.A. Ritter se *Shaka Zulu* (1955) erkenning gegee vir die instelling van die *iklwa*, 'n kort steekspies met 'n lang spiespunt in die vorm van 'n langwerpige blaar. Hy het ook die lang, hardevelskild met twee handvatsels aan die binnekant om 'n arm deur te sit bekendgestel wat die *impi* in staat gestel het om 'n kort knopkierie ook vas te hou.
- Historici skryf ook dikwels oor hoe Shaka die **tradisionele gevegstaktieke** verander het. Hy het die gevegsformasie genaamd 'Horings van die Buffel' ingestel waar 4 000 tot 6 000 jong krygers elke horing voorstel, die bors bestaande uit 9 000 man die hoofmag bevat, en die lende die reserweregimente van 4 500 man bevat.
- Volgens D.R. Morris en baie ander historici het Shaka 'die oorlogskarakter in Suider-Afrika van 'n geritualiseerde uitruiling van beledigings met minimale lewensverlies na **'n ware onder-werpingsmetode van volskaalse slagting'** verander. (1970, *The Washing of the Spears*)
- Shaka is ook **vir die Mfecane verantwoordelik** gehou. Dit word egter nou bevraagteken aangesien daar bewyse is dat daar a.g.v. stamoorloë in die hedendaagse provinsies van KwaZulu-Natal, Vrystaat, Noord-Kaap, Noordwes, Limpopo en Mpumulanga reeds baie beweging was. Behalwe deur Shaka is ontwrigtings o.a. ook deur die Ndebele, die Tswana en die Kora veroorsaak.
- In die 1986-rolprent *Shaka Zulu* word hy as beide 'n held en despoot vasgevang.




Bron: http://www.imdb.com/media/rm1387502848/tt0086798

**'n Plakkaat vir die 1986 rolprent *Shaka Zulu***

## WAAROM IS SHAKA OP HIERDIE MANIER UITGEBEELD?

- Daar word bespiegel dat Isaacs Shaka baie negatief voorgehou het sodat hy **meer van sy boeke kon verkoop** (Wikipedia, 2011). Isaacs was dalk ook 'n rassis aangesien hy later van 'n aandeel in swart slawehandel beskuldig is, maar dit is nooit bewys nie.
- Dit wil voorkom asof Maclean 'n beter begrip van die Zoeloe-kultuur as Isaacs gehad het. Hy wou dalk wat hy as die verkeerde indrukke van Shaka beskou het, regstel toe hy ouer geword het. Sy betrokkenheid by die afskaffing van slawerny bewys dat hy **'n gedeelde menslikheid** tussen verskillende rasse en kulture kon **verstaan**. Hierdie empatie kon moontlik help dat hy Shaka in 'n meer simpatieke lig voorgestel het.
- Blanke historici uit die Apartheidsera was geneig om Shaka as 'n monster voor te stel wat vir die geweldige verwoesting van die land verantwoordelik is. Dit het gespruit uit die behoefte van geskiedkundiges van die apartheidsperiode om die **apartheidstelsel te regverdig** as 'n verbetering op dít wat die stelsel voorafgegaan het. Indien vorige leiers as barbare voorgehou word, sal dit aan blanke oorheersing wettigheid verleen.
- Julian Cobbing debatteer dat die Mfecane grootliks die gevolg van slawehandel op die ooskus van Suider-Afrika was. **Shaka se militante Zoeloe-koninkryk was 'n reaksie** hierop eerder as die oorsaak van die Mfecane. (Aanlyn: 'Julian Cobbing' In: Wikipedia. Afgelaai: 27 Julie 2012).
- Die huidige neiging in die Nuwe Suid-Afrika is om **Shaka 'op te hemel'**. Die nuwe lughawe in Kwazulu-Natal word Koning Shaka Internasionaal genoem en naby Eshowe is daar 'n pretpark genaamd Shakaland. Beide is 'n viering van Shaka as 'n sterk held.
- Die geskiedkundige John Keagan merk dat 'Shaka sonder twyfel die grootste bevelvoerder uit Afrika was.' Diegene wat **militêre mag bewonder** sal daarom vir Shaka respekteer, veral dié wat 'n swart militêre leier wil vereer.
- Sy gewelddadige gruweldade na die dood van sy moeder word a.g.v. sy getraumatiseerde kinderjare deur **sommige geskiedkundiges verskoon**.
- Koning Shaka bly 'n **duistere persoonlikheid** in beide mondelinge en geskrewe geskiedenis; vir sommige mense 'n wrede barbaar en selfs 'n 'ontaarde monster', maar 'n heldhaftige bouer van die Zoeloenasie vir diegene wat 'n 'legendariese held' begeer.




Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

# BRONGEBASEERDE VRAE

**Vraag 1: Politieke veranderinge vanaf 1750 tot 1820**


1.1 Bron A

Bestudeer die skildery van Trekboere en beantwoord die daaropvolgende vrae.

1.1.1 Wie was die Trekboere? (2)

1.1.2 Hoe word hul lewe in die skildery voorgestel? (2)

1.1.3 Verskaf twee negatiewe aspekte van hul leefwyse wat nie in die skildery gewys word nie. (2)



*Die Trekboer* **deur Samuel Daniell circa 1804**

**Vraag 2: Politieke rewolusie tussen 1820 en 1835**

2.1 Bron B

Bestudeer die foto van koning Moshoeshoe en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

2.1.1 Van watter stam was Moshoeshoe die koning? (1)

2.1.2 Hy word as 'n diplomatiese leier beskou. Gee 'n voorbeeld om die bostaande stelling te ondersteun. (2)

2.1.3 Bespreek die vermenging van Westerse en Afrikakleredrag en bykomstighede wat deur die koning en sy ministers in hierdie foto gedra en gebruik is. Wat dui dit oor Europese invloede in hierdie koninkryk aan? (4)



Bron: Bensusan Museum. Johannesburg

**'n Foto van koning Moshoeshoe saam met sy ministers**

2.1.4 Hierdie foto is 'n primêre bron. Verduidelik hoekom. (2)

**Vraag 3: Voorstellings van Shaka**

3.1 Bron C

3.1.1 Hoe word koning Shaka in hierdie skets voorgestel? (3)

3.1.2 Is die spies wat hy vashou 'n *iklwa*? (2)

3.1.3 Beskryf hoe jy aan koning Shaka dink, en hoekom. (4)

3.1.4 Hierdie skets kan as 'n primêre bron beskou word omdat dit deur iemand geteken is wat Shaka by sy kraal besoek het. Beteken dit dat die bron betroubaar is? (2)

3.1.5 Ondersteun die skets die fisiese beskrywing van Shaka deur Henry Francis Fynn, soos in kolom 1-2 op bladsy 94 gegee, of daag dit dit uit? (4)



Bron: Wikimedia Commons

**'n Skets van koning Shaka deur James King in die 1820's**

3.2 Bron D

'Rondom sy voorkop was 'n gestopte kopband gemaak van ottervel, met 'n regop kraanvoëlveer 'n volle twee voet hoog en 'n krans met helderrooi vere aan die voorkant … Hy het 'n wit skild met 'n enkele swart kol asook een assegaai gehad. Só toegerus het hy beslis 'n voortreflike en die dapperste voorkoms uitgebeeld. [vertaling].

*Henry Francis Fynn*

3.2.1 Wat bedoel Fynn met sy woorde 'Shaka het 'n voortreflike en die dapperste voorkoms uitgebeeld'? (2)

3.2.2 Ondersteun Bron C die inligting in Bron D gegee of daag dit dit uit? (4)

# OPSTELVRAE

**Vraag 1**

Dit wil voorkom asof die Mfecane reeds voor die koms van Shaka tot die politieke arena gedurende die vroeë 1800's begin het en die Zoeloe-koninkryk is een van die produkte van hierdie ontwrigting. Beskryf hoe die oostelike gebied van Suider-Afrika deur die oorloë van die Ndwandwe, die Mthethwa en ander groepe beïnvloed is en hoe dit vir Shaka 'n geleentheid geskep het. (50)

**Vraag 2**

Shaka word deur sommige historici as 'n barbaarse swart Napoleon uitgebeeld. Stem jy saam met hierdie stelling? Hoe dink jy behoort Shaka voorgestel te word? (50)

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

# BRONGEBASEERDE ANTWOORDE

1.1.1 Hulle was vroeëre Hollandse boere van die Kaap wat gedurende die laat 1600's of die 1700's na die binneland getrek het om van die beheer van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie weg te kom. (2)

1.1.2 Hulle lewens dui bewegingsvryheid deur die Afrikalandskap aan. / Hulle het tyd om te ontspan en hulle basiese behoeftes soos kos, klere en skuiling is vervul. (enige redelike antwoord) (2)

1.1.3 Konflik met inheemse bevolkings / siektes / moeilik om klere skoon te kry / moeilik om voorraad of vervaardigde goedere te bekom. (enige twee redelike antwoorde) (2)

2.1.1 Die Soetoe (1)

2.1.2 Moshoeshoe het afgesante na die Kora gestuur toe lg. Soetoe-gebied begin binnekom. / Moshoeshoe het vlugtelinge gedurende die Mfecane ingeneem en so sy koninkryk vergroot. / Hy het groepe toegelaat om hulle onder sy gesag in Soetoe-gebied te vestig. (enige redelike voorbeeld) (2)

2.1.3 Hulle dra beide Europa- en Afrika-klerestyle alhoewel die Europese kleredrag hoofsaaklik gedra word. Kieries uit Afrika word as bykomstighede gedra. Dit bewys dat die Europeërs toe 'n uitwerking op die Soetoe-kultuur gehad het, maar terselfdertyd het die Soetoes aan aspekte van hul eie kultuur bly vasklou. (4)

2.1.4 Dit is 'n foto wat tydens die gebeure soos voorgestel, geneem is. (2)

3.1.1 Sy houding is edel / koninklik. Hy lyk sterk / fiks / gesond. Hy is soos 'n tradisionele Zoeloe-opperheerser aangetrek. (3)

3.1.2 Nee. Dit is nie 'n kortspies nie. (2)

3.1.3 (enige aanvaarbare antwoord) (4)

3.1.4 Ja, dit het op 'n regte mens berus en is deur iemand wat werklik daar was, gemaak. / Nee, die kunstenaar kon die skets meer vleiend gemaak het om Shaka tevrede te hou en te verhoed dat hy deur hom doodgemaak word. / Nee, die kunstenaar het Shaka waarskynlik as 'n edel barbaar geromantiseer soos die algemene gebruik van kunstenaars uit die vroeë 19^de^ eeu was. (enige aanvaarbare antwoord) (2)

3.1.5 Die beskrywing in terme van klere, versierings en wapens ondersteun dit tot 'n groot mate. Fynn maak geen melding van Shaka se statuur (fisiese grootheid) nie, so dit kan die kunstenaar se verbeelding wees. (4)

3.2.1 Hy lyk edelmoedig koninklik en soos 'n kryger. (2)

3.2.2 Dit ondersteun dit. Die kopband, lang veer, assegaai en skild wat deur Fynn genoem is, kan in die skets gesien word, maar nie die krans met vere nie. Die voorstelling van Shaka is edel en krygshaftig. (4)

# ANTWOORDE VIR OPSTELVRAE

**Vraag 1**

(Let wel: die onderstaande opstel is 'n model van een moontlike antwoord op die gegewe vraag. Die nasienrubriek word op bladsy 154 gegee.)

Die Mfecane was 'n groot verspreiding van mense in suidoostelike Afrika gedurende die 18$^{de}$ en 19$^{de}$ eeu. Dit was die gevolg van oorloë wat 'n aanslaaneffek op naburige stamme gehad het waartydens hulle van hulle tradisionele gronde gedwing is en dikwels vir nuwe grond, wat reeds beset was, moes baklei. Shaka se opbou van die oorlogsugtige Zoeloe-koninkryk het vir 'n lang tyd die blaam vir die Mfecane gedra, maar dit word nou algemeen aanvaar dat die proses lank voor die opbou van sy koninkryk begin het en dat hy met die bestaande situasie geworstel het en dit tot sy voordeel omgedraai het. Dit was moontlik omdat die Zoeloes hulle posisie vergroot en verenig het terwyl baie ander stamme gedurende hierdie onstuimige periode verpletter is of moes migreer.

Voordat Shaka die Zoeloe-koninkryk opgebou het, was daar drie hoofleiers in die gebied van hedendaagse KwaZulu-Natal: Zwide van die Ndwandwe, Dingiswayo van die Mthethwa, en Sobhuza van die Ngwane. Die Zoeloes, o.l.v. hoofman Senzangakona, was 'n klein stam wat aan Dingiswayo van die Mthethwa ondergeskik was. Die Ndwandwe, die Mthethwa en die Ngwane het toenemend gebots a.g.v. die voedseltekorte wat deur die groot droogte genaamd die Mahlatule teweeggebring is.

Die Ndwandwe en die Mthethwa het die Ngwane aangeval. Hulle het die Ngwane uit die gebied langs die Pongolarivier gedryf en Sobhuza het toe met die res van sy stam na hedendaagse Swaziland gevlug.

Met die Ngwane weg, het Zwide en sy Ndwandwe-volk teen Dingiswayo en sy Mthethwas opgeruk. Dingiswayo is in 'n hinderlaag gelei en deur Zwide doodgemaak. Daarna is die Mthethwa in die rigting van die Tugelarivier weggedryf.

Alhoewel die Ndwandwe die oorwinning behaal het, het die verbrokkeling van die Mthethwa die klein Zoeloe-stam die geleentheid gegee om hulle in die gebied wat voorheen deur die Mthethwa oorheers is, te vestig. Na die dood van Hoofman Senzangakona in 1816 het Shaka, met die ondersteuning van Dingiswayo, die nuwe Zoeloeleier geword, al was hy slegs 'n buite-egtelike seun van die leier. Toe Dingiswayo in 1818 deur die Ndwandwe vermoor is, het Shaka wraak gesweer. Hy het Zwide oor die volgende paar jaar gevolg totdat die Zoeloes in 1825 die Ndwandwe by Phongola verslaan het.

Na sy oorwinning was Shaka werklik in staat om sy mag uit te brei. Die Zoeloe-koninkryk het gegroei namate hy ander slae gewen en bondgenootskappe gesluit het. Dit het ook die verstrooide oorblyfsels van die Mthethwa en die Ndwandwe, asook sommige kleiner groepe, ingelyf.





*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

Dit toon aan dat Shaka nie vir die Mfecane verantwoordelik was nie. Dit was die voortdurende oorlogvoering tussen die Ndwandwe, Mthethwa en andere wat die kern van die Mfecane gevorm het en Shaka het eenvoudig voordeel uit die verswakte stamme getrek om stadig mag te bekom. Ten spyte daarvan dat die kusgebied van hedendaagse KwaZulu-Natal gedurende Shaka se tyd nie werklik 'n 'leë speelvlak' was nie, het die moord van Dingiswayo en die verspreiding van die Mthethwa wel 'n gaping geskep waaruit 'n opportunistiese leier voordeel kon trek. Dit is presies wat Shaka gedoen het. Sy lojaliteit teenoor Dingiswayo het sy oorloë teen Zwide van die Ndwandwe ietwat van 'n vendetta gemaak en dit het aan Shaka die stukrag verleen om aan te hou veg totdat hulle almal verslaan en hy die onbetwiste leier van suidoostelike Afrika was. (50)

**Vraag 2**

(Let wel: die onderstaande opstel is 'n model van een moontlike antwoord op die gegewe vraag. Die nasienrubriek word op bladsy 154 gegee.)

Sommige historici het Shaka met Napoleon vergelyk. Hulle tref ooreenkomste tussen die militêre uitbuitings asook die politieke beleide van hierdie leiers. Elkeen is as 'n redelik onbelangrike persoon gebore wat daarna mag aangegryp en 'n ryk opgebou het. Elkeen het rewolusionêre militêre taktieke ontwerp waarmee hulle hul meer tradisionele teenstaanders kon oorwin. Die vraag of Shaka egter 'n barbaarse weergawe van Napoleon was, hang af van wie se geskiedenis gelees word.

Watter ware geskiedenis van koning Shaka is in ons besit? Henry Francis Fynn en Nathaniel Isaacs het oor koning Shaka geskryf aangesien hulle handelaars was wat gedurende sy bewind in Port Natal gewoon het, maar hulle verslae se geloofwaardigheid word bevraagteken. Fynn beweer dat Isaac hom aangemoedig het om Shaka as bloeddorstig uit te beeld terwyl Fynn se eie dagboek verlore geraak het en sy daaropvolgende notas eers veel later publiseer is.

Die meeste beskikbare inligting is mondelinge geskiedenis wat lank na die dood van Shaka ingesamel is – dikwels afkomstig van ondersteuners van Dingaan, Shaka se halfbroer wat by sy sluipmoord betrokke was. Hierdie geskiedenis kan dus as bevooroordeeld gesien word en mag selfs opgemaak wees. Maar Shaka is van kannibalisme en die massaslagting van vroue en kinders beskuldig, en hierdie bewerings kan nie van nêrens kan kom nie. Baie stories kom van honderde verskillende swart slagoffers asook vlugtelinge vanoor die hele gebied. Sommige kom van die Kwena-volk wat tot uiterstes gegaan het om hulself teen die klaarblyklike gruweldade van Shaka te beskerm.

'n Groot getal negatiewe uitbeeldings is ook duidelik in die mondelinge geskiedenis van die Zoeloes self. Geeneen is so aangrypend soos die een oor die dood van Shaka se moeder nie. Hy het 'n massarouperiode afgedwing wat tot ongekende ontaarding gelei het: sy mense is verbied om gewasse te plant, niemand mag melk gedrink het nie en alle vroue wat swanger geraak het is saam met hul mans doodgemaak. Hierdie gruwels is ongetwyfeld barbaars, maar dit klink vergesog. Dit is egter onmoontlik om die waarheid al dan nie te bewys; dus kon hy 'barbaars' gewees het.

Was hy 'n 'Swart Napoleon'? Dit lyk asof daar ooreenkomste was aangesien beide ryke opgebou het deur as militêre bevelvoerders uit te blink. Shaka se versigtig-gestruktureerde ouderdomsregimente was nie so verskillend van dié van Napoleon nie. Shaka het ook die hoogs effektiewe 'Horings-van-die-Buffel'-omsingelingstaktiek ingestel wat baie soortgelyk was aan Napoleon se gebruik om die ervare regimente in die middel van die oorlogsformasie te plaas en die jonger, vinniger regimente aan die flanke.

Beide Shaka en Napoleon het die logistiek oor hoe om 'n weermag te bestuur, totaal hervorm. Shaka het 'vakleerling'-soldate, die *udibi*, ingespan om rantsoene, kookgerei, ekstra wapens en klere te dra. Napoleon het verskeie klein magte eerder as een groot mag gebruik wat beteken het dat sy magte vinniger kon beweeg omdat hulle self kos uit die gebied kon bekom eerder as om op voorraaddepots staat te maak. Beide vernuwings het die magte van Shaka en Napoleon in staat gestel om vinnig te beweeg en waar en wanneer hulle wou 'n geveg af te dwing. Beide hierdie manne het ook bloedige en beslissende gevegte bo tradisionele oorlogvoering verkies wat meer aanvalshouding as werklike bakleiery behels het.

Shaka het vernuwings in oorlogstegnologie asook militêre strategieë ingestel. Hy het die belangrikste Zoeloe-wapen vanaf 'n assegaai vir gooi na 'n steekspies verander en langer, sterker skilde ingestel. Hy het die *impi* verbied om sandale te dra en dus moes hulle kaalvoet baklei. Napoleon is nie bekend daarvoor dat hy die tegnologie verander het nie, maar hy het wel nuwe tegnologie tot sy voordeel gebruik. Sy magte is met moderne (vir daardie tyd) muskette en ligte, hanteerbare kanonne toegerus.

Beide Shaka en keiser Napoleon het daarin geslaag om reuse ryke te skep. Shaka het oor meer as 250 000 mense die septer geswaai in die hedendaagse KwaZulu-Natal wat oor 'n gebied vanaf Durban tot Mosambiek en van die kus tot amper by die Drakensberg strek. Hy het die Ndwandwe oorwin en hulle saam met die Mthethwa en talle ander kleiner stamme en groepe ingelyf. Napoleon het op soortgelyke wyse beheer oor die grootste deel van hedendaagse Europa verkry, tot aan die Russiese grens van die Atlantiese Oseaan en van die Baltiese See tot by die Balkan.

Nog 'n ooreenkoms is dat beide tot 'n mate 'verslaan' is. Shaka is in 'n sluipmoordaanval dood terwyl Napoleon sy ryk in 'n geveg verloor het en verban is.

Dit blyk dus dat die vergelyking tussen Shaka en Napoleon geldig is. Beide mans bly duistere karakters, maar word versigtig bewonder deur die meeste mense wat nie self so hardvogtig sal wees nie. Dit is egter verkieslik om in ons konteks na Napoleon as 'n 'Wit Shaka' te verwys eerder as na Shaka as 'n 'Swart Napoleon', omdat Shaka 'n bekender figuur in Afrika is en die verwysingspunt waarvandaan ander leiers vergelyk behoort te word. (50)

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig